# PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan:

1. Enige versekerde artikel wat in die bylae aangedui word;
2. Klerasie en persoonlike besittings soos omskryf (indien in die bylae as ingesluit vermeld);
3. Kruideniersware en huishoudelike goedere terwyl dit vervoer word soos omskryf (indien in die bylae as ingesluit vermeld);
4. Sleutels, slotte en afstandbeheerkontroles soos omskryf (indien in die bylae as ingesluit vermeld);
5. Geld, verhandelbare instrumente, seëls en munte soos omskryf (indien in die bylae as ingesluit vermeld);
6. Persoonlike dokumente, munt- en/of seëlversameling soos omskryf (indien in die bylae as ingesluit vermeld);
7. Swembadmasjinerie en/of boorgatmasjinerie soos omskryf (indien in die bylae as ingesluit vermeld);

wat die eiendom is van die Versekerde en/of die gade van die Versekerde en/of enige familielede van die Versekerde of die Versekerde se gade wat normaalweg by die Versekerde inwoon, deur enige ongeval of teëspoed wat nie anders uitgesluit is nie terwyl dit op enige plek ter wêreld is tensy, indien dit so in die bylae teenoor "gedefinieerde ligging" aangedui is, dekking beperk is tot:

1. Onderwyl dit gehou word in enige gebou (wat nie beperk is tot 'n spesifieke adres nie); of
2. Onderwyl dit gehou word in 'n spesifieke gebou (beperk tot 'n spesifieke adres).

## OMSKRYWINGS

**Klerasie en persoonlike besittings** sal beteken en beperk wees tot die volgende eiendom:

Klerasie, brille, kontaklense, gehoortoestelle, penne, potlode, grimeermiddels en -houers, sigaretkokers en aanstekers, juwele en juweliersware, persoonlike ornamente, horlosies, pelse, goud- of silwerartikels en ander soortgelyke artikels soos hierbo genoem, wat gewoonlik deur of aan 'n persoon gedra word; elektriese en ander skeermesse, sambrele, handsakke, tasse, sakrekenmasjiene, sakrekenaartoestelle soos elektroniese dagboeke, draagbare projektors en ander draagbare fotografiese toerusting, draagbare radio's en draagbare kassetspelers of kompakskyfspelers, verkykers, vuurwapens, sporttoerusting, asook trommels, tasse en ander houers waarin die eiendom gehou word terwyl gereis word; babatoerusting soos stootwaentjies en kindermotorsitplekke.

**Kruideniersware en huishoudelike goedere in transito** sal beteken en beperk word tot die volgende eiendom en gebeurtenisse:

Kruideniersware en huishoudelike goedere van allerlei aard (uitgesluit klerasie en persoonlike besittings soos hierbo omskryf) wat ná die aankoop daarvan deur die Versekerde in transito geneem word vanaf die persele van die verskaffer van sodanige kruideniersware en huishoudelike goedere na die private woonhuis/woonstel van die Versekerde.

**Sleutels, slotte en afstandbeheerkontroles** sal beteken en beperk wees tot die volgende eiendom:

Alle sleutels, toegangskaarte en afstandbeheerkontroles in gebruik in die Versekerde se private woning in verband met die Versekerde se huishouding en sleutels en afstandbeheerkontroles van enige private tipe voertuig, sleepwoonwa, motorfiets of vaartuig, die eiendom van die Versekerde en wat ingevolge die afdeling motor en die afdeling watervaartuig van hierdie polis versekerbaar is, asook die betrokke slotte wat weens verlies van of skade aan die voormelde sleutels vervang moet word.

Hierdie item dek ook die redelike koste wat in noodgevalle deur die Versekerde aangegaan word om 'n sleutelmaker te ontbied weens die verlies van of skade aan die voormelde sleutels.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

**Geld, verhandelbare instrumente, seëls en munte** sal beteken en beperk wees tot die volgende eiendom:

Kontant (bank- en valutanote en munte); tjeks; posorders; poswissels; huidige verhandelbare posgeld, inkomste- en vakansieseëls; kredietkaartbewyse en -dokumente; sertifikate of ander instrumente van 'n verhandelbare aard, maar uitgesluit:

1. enige munte of seëls wat deel vorm van enige munt- of seëlversameling;

2. bank-, belegging- of ander elektroniese balanse van geldelike waarde.

**Persoonlike dokumente, munt- en/of seëlversameling** sal beteken en beperk wees tot die volgende eiendom:

Persoonlike dokumente sal beperk wees tot die koste van materiaal en bedrae wat bestee is aan arbeid in die herprodusering of herstel van persoonlike aktes, testamente, ooreenkomste, kaarte, planne, rekords, boeke, briewe, sertifikate en enige ander persoonlike dokumente, maar uitgesluit

1. aandelesertifikate en enige ander verhandelbare dokumente;

2. die waarde wat die inligting, soos vervat in sodanige persoonlike dokumente, vir die Versekerde inhou.

**Munt- en/of seëlversame**ling met dien verstande dat die waarde van 'n enkel muntstuk of 'n enkel seël en die waarde van 'n enkel stel muntstukke of enkel stel seëls beperk is tot hoogstens die waarde aangegee in die jongste betrokke katalogus of pryslys.

**Swembadmasjinerie en/of boorgatmasjinerie** sal beteken en beperk wees tot die volgende eiendom en gebeurtenisse:

Swembadmasjinerie sal beperk wees tot vaste swembadmasjinerie.

Boorgatmasjinerie sal beperk wees tot vaste boorgatmasjinerie deur middel waarvan water uitsluitlik vir huishoudelike doeleindes verskaf word, terwyl geïnstalleer by die "Versekerde se private woning" omskryf in die afdeling Huisbewoners en/of Huiseienaars van hierdie polis, maar met uitsluiting van windpompe.

Nieteenstaande die bepalings van spesifieke uitsluiting 5 ingevolge Gebeurtenisse Uitgesluit onder hierdie afdeling, met betrekking tot swembad- en/of boorgatmasjinerie, word die versekering ingevolge hierdie afdeling uitgebrei om die volgende te dek:

Skielike toevallige skade aan swembadmasjinerie en/of boorgatmasjinerie veroorsaak deur:

1. ineenstorting, dit is die skielike en gevaarlike verwringing (of dit gepaard gaan met breek al dan nie) van enige metaalvervaardigde deel van die voormelde masjinerie veroorsaak deur breukdrukspanning deur die krag van stoom of ander vloeistofdruk; en/of
2. breekskade; dit is die skielike breek of vasbrand van enige metaalvervaardigde deel van die voormelde masjinerie, met inbegrip van oorverhitting of die ineenstorting van laers, wat voortspruit uit elektriese of meganiese defek.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

## Gebeurtenisse uitgesluit

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van verlies of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word deur:

1. diefstal van klerasie vanaf enige wasgoedlyn op die perseel van die "Versekerde se private woning" soos omskryf in die afdeling Huisbewoners of Huiseienaars van hierdie polis;

2. klammigheid, muf, roes, slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig of klimaats- of atmosferiese toestande);

3. inherente fout of gebrek, huishoudelike peste soos knaagdiere, miere en motte;

4. 'n skoonmaak-, herstel-, kleur-, bleik-, verandering- of opknappingsproses wat die versekerde eiendom ondergaan;

5. meganiese of elektriese onklaarraking, gebrek, weiering of breekskade;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

6. enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal onder valse voorwendsels en/of bedrog;

7. diefstal uit 'n voertuig wat onbewaak gelaat is en nie gesluit is nie, met dien verstande dat:

   7.1 in die geval van 'n verlies en waar daar geen tekens is nie van kragdadige en gewelddadige toegang tot of verlating van sodanige voertuig, indien die Versekerde deur middel van video-waarnemingsmateriaal (of enige ander afdoende bewys) kan aantoon dat 'n poging aangewend is om die voertuig te sluit, sal sodanige bewys geag word om aan die vereiste vir 'n gesluite voertuig, te voldoen;

   7.2 hierdie uitsondering nie van toepassing sal wees nie indien die voertuig in 'n ongeluk of ander voorval betrokke was waar die eiendom weens omstandighede buite die beheer van die bestuurder en passasiers onbewaak gelaat moes word en dit nie beveilig kon word soos vereis nie;

   Spesifieke uitsluiting 7 kan op versoek deur die Maatskappy kwytgeskeld word ten opsigte van spesifieke versekerde artikels en dekking. Die eerste bedrag betaalbaar van sodanige artikels en dekking soos aangedui in die bylae, word verdubbel met betrekking tot hierdie verbeterde dekking. Hierdie kwytskelding sal in die bylae teenoor die versekerde artikel soos volg aangeteken word:

   Indien "Diefstal (nie-kragdadige toegang tot 'n onbewaakte voertuig)" as "ingesluit" aangedui word, dan word spesifieke uitsluiting 7 kwytgeskeld met betrekking tot die spesifieke artikel, maar indien "Diefstal (nie-kragdadige toegang tot 'n onbewaakte voertuig)" as "nie ingesluit nie" aangedui word, dan bly spesifieke uitsluiting 7 van toepassing op die spesifieke artikel;

8. gevolglike of indirekte verlies of skade van enige aard of beskrywing ook al;

9. verlies van edel- of halfedelgesteentes

   9.1 weens foutiewe monterings en/of weens kloutjies en/of enige ander monture wat nie behoorlik funksioneer nie;

   9.2 veroorsaak deur die agteruitgang of normale slytasie van kloutjies en/of ander monture;

10. skade aan glas, glasware of ander bros artikels (behalwe juweliersware, kameras en vaste glas wat deel uitmaak van televisieontvangers) weens krake, skrape of brekasie tensy veroorsaak deur diefstal (of enige poging daartoe) of brand;

11. verlies of skade waarvoor voorsiening gemaak is in enige waarborg of dienskontrak of in enige koop, bruikhuur-, huurkoop- of finansieringsooreenkoms of enige ander ooreenkoms van watter aard ook al rakende die versekerde eiendom of enige deel daarvan;

12. detensie, konfiskering of beslaglegging deur doeane of ander beamptes of owerhede, maar hierdie uitsluiting sal nie van toepassing wees nie op skade wat ontdek word by die terugbesorging van die eiendom aan die Versekerde indien die Versekerde bewyse tot die bevrediging van die Maatskappy kan verskaf dat sodanige detensie, konfiskering of beslaglegging ongegrond was en sonder dat enige oortreding begaan is.

## Eiendom uitgesluit

Tensy uitdruklik anders vermeld word in die bylae, dek hierdie afdeling nie die volgende eiendom nie:

1. Enige eiendom, ongeag of dit verwerk word of nie, wat verkry is of verkry word met die uitsluitlike doel om sodanige eiendom later in 'n handelstransaksie van die hand te sit;
2. Kontant, bank- en valutanote, aktes, verbande, obligasies, promesses, tjeks, posorders en poswissels, verhandelbare en ander dokumente van enige soort, seëls van enige soort (met insluiting van onder meer seëlversamelings), manuskripte, sekuriteite, seldsame boeke, medaljes en muntstukke van enige soort (met insluiting van onder meer muntversamelings);
3. Voertuie van enige soort (met insluiting van onder meer selfaangedrewe tuinmaakwerktuie wat normaalweg deur 'n bestuurder beheer word, maar met uitsluiting van trapfietse wat nie meganies of elektries aangedrewe/ondersteun is nie) en enige deel (met insluiting van onder meer enige noodwiel, gereedskap, onderdeel en toebehore) van sodanige voertuie terwyl dit in of op of aan sodanige voertuie is;
4. Vaartuie of watervaartuie van enige soort (met insluiting van onder meer kano's) en enige deel (met insluiting van onder meer enige gereedskap, onderdeel, toebehore en buiteboordmotor) daarvan;
5. Lugvaartuie en ander lugtoestelle van enige soort en enige deel (met insluiting van onder meer enige gereedskap, onderdeel en toebehore) daarvan;
6. Diere.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik – van tyd tot tyd onderhewig aan kleinveranderinge

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Eweredigheid

Indien die totale waarde van versekerde eiendom, wat nie afsonderlik en individueel gespesifiseer is nie (in die bylae teenoor “Gespesifiseer” sal dit aangedui word as “Nee” om sodanige eiendom aan te toon), ten tye van die plaasvind van enige verlies of skade aan sodanige eiendom meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy ’n eweredige deel van die bedrag van die verlies of skade. Elke item van die bylae wat sodanige eiendom dek, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## 2. Pare of stelle

Indien die versekerde eiendom uit ‘n paar of stel artikels bestaan, sal die Maatskappy nie aanspreeklik wees nie vir meer as die eweredige waarde daarvan in verhouding tot die totale waarde van die paar of stel, sonder inagneming van enige besondere waarde wat sodanige artikel of artikels as deel van sodanige paar of stel mag hê.

## 3. Vervangingswaarde voorwaarde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die grondslag waarop skadeloosstelling bereken word, sal wees:

**Indien die versekerde eiendom verlore of onherstelbaar beskadig is -** die vervanging van die verlore of beskadigde versekerde eiendom met eiendom van dieselfde soort of tipe, maar nie meerderwaardig of meer omvangryk nie as die voormelde verlore of beskadigde versekerde eiendom toe dit nuut was.

**Indien die versekerde eiendom beskadig, maar ekonomies herstelbaar is -**die herstel van die skade aan die beskadigde versekerde eiendom tot ‘n toestand wat in wese dieselfde is, maar nie meerderwaardig of meer omvangryk nie, as die toestand van die voormelde beskadigde versekerde eiendom toe dit nuut was

met dien verstande dat indien, ten tye van die vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging as al die versekerde eiendom verlore, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van die verlies of skade, die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en dienooreenkomstig ‘n eweredige deel van die verlies dra.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

### Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Anderins onderhewig aan die terme, voorwaardes, uitsluitings en waarborge wat hierin vervat is, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;
3. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

4. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

5. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie gevaar nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge